Navrae / Enquiries / Imibuzo: NJ BAILEY, N SOLOMOMS
Telefoon / Telephone / Ifoni: (021) 467-2484, (021) 467-2507
Faks / Fax / Ifeksi: (021) 467-2996
Verwysing / Reference / Isalathiso: 20021112-0005 7/10/7

**Wes-Kaap Onderwysdepartement**

**Western Cape Education Department**

**ISebe leMfundo leNtshona Koloni**

OMSENDBRIEF: 0163/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), SENIOR KRINGBESTUURDERS, KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN ONDERWYSINRIGTINGS, VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING-INSTANSIES, EN VBOO-SENTRUMS

*KORT OPSOMMING: Die omsendbrief beoog om alle opvoeders oor die registrasie by die Suid Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) in te lig.*

**ONDERWERP: REGISTRASIE BY DIE SUID AFRIKAANSE RAAD VAN OPVOEDERS (SARO)**

1. Die WKOD se vorige omsendbriewe 0019/2000 en 0041/2001 het betrekking.

2. Die Suid Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) het die WKOD ingelig dat van die opvoeders nie in besit van SARO-registrasiesertifikate is nie.

3. Dit is verpligtend dat alle opvoeders in besit van 'n SARO-sertifikaat moet wees, wat slegs by die SARO-kantore verkrygbaar is.

4. Die aansoekvorms is verkrygbaar by alle Onderwysbestuur en Ontwikkelingsentrums (OBOS'e) en voltooide aansoekvorms moet gepos word aan:
   SARO
   Wesstraat 261
   CENTURION
   0046

   Tel. nr (012) 663 9517 en (012) 663 0422/7

   Aansoeke per faks is nie aanvaarbaar nie.

5. Hoofde van inrigtings moet verseker dat opvoeders van buite Suid - Afrika (buitelanders) wat graag 'n opvoederspos in Suid - Afrika wil bekom, verplig is om by SARO te registreer op voorwaarde dat die persoon in besit van 'n werkpermit is wat hom/haar toelaat om in so 'n pos aangestel te word.

6. Bring die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders in u inrigting/kantoor/direktoraat, insluitende diegene met verlof, en laat hulle dit teken en dateer. Prinsipale moet verseker dat 'n afskrif van hierdie omsendbrief aan die voorsitter van die Skoolbeheerliggaam besorg word.

nms. HOOF : ONDERWYS
DATUM : 2002.12.11.